# Module 2 Hersieningsmemorandum

*Leerdersboek bladsy 113*

Voorgestelde antwoorde

1. Die DRIE fases van toerorganisering is:
   Beplanning: Die toerorganiseerder soek inligting oor vervoer, akkommodasie en aktiwiteite wat by die toeristeprofiel sal pas.✓
   Kosteberekening: Die toerorganiseerder soek inligting oor en vergelyk pryse en koste van die verskeie tipes akkommodasie en aktiwiteite om die reëlings te finaliseer.✓
   Besprekings en dokumentasie: Die toerorganiseerder maak alle besprekings namens die toeriste en stuur alle dokumentasie aan die lede van die toergroep.✓ (3)
2. Toeriste se ouderdomme is belangrik wanneer daar vir hulle aktiwiteite en ligging of tipe akkommodasie geselekteer word. ✓ (1)
3. Wanneer daar ’n toerroete beplan word, moet die volgende in gedagte gehou word:
   - dit vat ongeveer een uur om 100 km per motor te reis✓
   - moontlike verkeersophopings en padwerke✓
   - aankoms- en vertrektye van vlugte en inboektye by die lughawe✓
   - vertragings by doeane- en paspoortbeheer kan wissel van baie kort tot ’n lang wag✓
   - beplan genoegsame tyd vir stilhou langs die pad✓
   - daar moet aktiwiteite beplan word ook vir stilhoutye✓
   - sluit genoeg besienswaardighede in✓ (enige 3)
4. AAA.com, ✓Trip Tik-reisbeplanner, ✓Google Earth, ✓Tom Tom-roetebeplanner✓ (enige 1)
5. Bystand beteken dat die reisiger op die lughawe moet wag totdat ’n sitplek op ’n vlug na die gekose bestemming beskikbaar word. Sulke vlugte kos gewoonlik minder as díe wat vooruit bespreek word. ✓ (1)
6. Vervoer✓ en akkommodasie ✓is die duurste aspekte van ’n toer. (2)
7. Is daar voldoende vrye tyd?✓ Rede: Normaalweg wil toeriste ontspan en nie van plek tot plek gejaag word nie.✓
   Het ek genoeg tyd beplan vir inkopies doen en badkamerbesoeke?✓
   Rede: Toeriste wil aan ontspanning tyd bestee en tyd vir inkopies moet beplan word. Badkamerbesoeke is noodsaaklik en gee toeriste kans om bietjie rond te kyk.✓
   Is daar miskien te veel aktiwiteite binne ’n kort tyd ingeprop?✓
   Rede: Toeriste wil rustig verkeer en nie van die een bestemming na die ander jaag nie. Aktiwiteite moet dwarsoor die toer versprei word.✓
   Is daar geleentheid om foto’s te neem sodat toeriste herinneringe van hul vakansie kan skep?✓
   Rede: Toeriste wil herinneringe skep en moet geleentheid gegun word om so te maak.✓
   Eindig die toer op ’n hoë noot?✓
   Rede: Wanneer toeriste terugkeer huis toe moet hulle goeie herinneringe van hul vakansie saamvat.✓
   Is daar ’n alternatiewe plan ingeval dinge verkeerd loop?✓
   Rede: Daar is altyd kans dat dinge skeef loop op ’n toer. ’n Voorafbeplande alternatief kan die situasie red (sowel as om die indruk te skep van uitstaande dienslewering).✓ (enige 2)

8. Geen voorsorgmaatreël teen malaria is 100% doeltreffend nie. ✓As toeriste wel besluit om profilakse te gebruik, is dit noodsaaklik dat hulle die gebruiksaanwysings noukeurig navolg. ’n Mediese praktisyn moet geraadpleeg word. (1)
9. Voorsorgmaatreëls wat reisigers kan neem, sluit in die kook van water voor gebruik en die vermyding van kos wat potensieel besmet is. ✓ (1)
10. Pasiënte ly tipies aan hoë koors, ✓algemene spierpyn, ✓rugpyn, ✓kouekoors, ✓ hoofpyn, ✓vermindering van eetlus, ✓naarheid ✓en vomering.✓ (enige 2)
11. Hoë misdaad kan daartoe lei dat minder toeriste Suid-Afrika besoek weens bekommernis oor veiligheid, wat verder lei tot dalende inkomste van toerisme. ✓Dit het ’n negatiewe uitwerking op die toeristebedryf, verwante ondernemings staakbedrywighede, werkgeleenthede daal en uiteindelik verminder die persentasie bydrae van toerisme tot bruto binnelandse produk (BBP). ✓(Leerders moet aandui dat hulle die volgorde van gebeurtenisse verstaan, dat een geval tot die volgende lei.) (2)
12. Vele lande maak van DBT gebruik om beter die daglig in die vroeë aand te benut (horlosies word tydens die langer somerdae met een uur voor plaaslike standaardtyd verstel).✓ Mense glo dat die gebruik van DBT gekoppel kan word aan minder padongelukke en beserings. Die ekstra uur se daglig elke aand bied kinders meer speeltyd en kan die toerismebedryf bevorder want dit laat mense langer in die buitelug verkeer. ✓ (2)
13. 09:30 Saterdag 21 Mei (8 h + 4 h + 02:30 min = 14:30 min = 05:30 + 4 h UTC = 09:30) ✓✓ (2)
14. 04:00 Vrydag 27 Julie 2012 (20:00 – 4 h = 16:00 – 12 h = 04:00) ✓✓ (2)

**Totaal: 25 punte**